
# Les 16 KONINGSKINDERS: DIE HERE WYS DAT DIT Hý IS WAT KINDERS VIR PA'S EN MA'S GEE EN VIR HULLE SORG, NIE PADDAGODE NIE

## 1. Die Egiptiese priesters leer mense om vir paddas te bid en dankie te sê

Kom ons lees Exodus 8 verse 1 tot 15 saam.

Die towenaars in Egipte het vir mense geleer dat daar 'n paddagod is. Hier is 'n prentjie van hulle paddagod!




Kan julle sien hoe lyk hierdie paddagod? Dis 'n tannie met die kop van 'n padda. Wat het die priesters vir mense gesê kan hierdie paddagod vir hulle doen? Hulle het vir mense geleer dat hierdie paddagod maak dat hulle baie kinders kan hê en dis hierdie paddagod wat maak dat babatjies gesond en sterk gebore word.

Daarom moet hulle altyd vir die paddagod vra as hulle kinders wil hê en as hulle wil hê hulle babatjies moet mooi, gesond en sterk gebore word, en nie siek en swak nie. En wanneer hulle kinders kry, dan moet hulle na die tempel toe gaan en vir die paddagod dankie sê vir die babatjie wat hulle gekry het.

## 2. Koning Farao wil graag paddagod-kinders hê wat hy kan pla soos hy wil

Koning Farao was baie bly dat die Egiptenare 'n paddagod aanbid. Hoekom dink julle het dit hom so bly gemaak? Want hý was die seun van die grootste en sterkste god – Ra. Die Egiptenare het gedink Ra, die son, is die grootste god van alle gode. Hy het alles gemaak en hy was die god wat oor alles besluit net soos hy wil. En raai wat? Hoeveel kinders het hierdie god gehad? Net een, so het hulle geglo. En dit was koning Farao. Hier het ons 'n prentjie van die songod. Die son is bo-op sy kop.



So die gewone Egiptenare moes maar die kinders wees van die paddagod. Die paddagod het húlle gemaak. Maar die Farao was die enigste kind van die grootste god, die son.

Hoekom dink julle wou die Farao gehad het hulle moet glo hulle is die paddagod se kinders, maar hý is die songod se enigste kind? Want dan moes hulle hulle soos paddas gedra, terwyl hý kan maak en breek net soos hy wil.

Kyk wat sê die Here oor hierdie afgode in Psalm 115: *"[8] Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word."* Die Here waarsku mense dat as hulle gode maak en op hulle vertrou, dan sal hulle net so word soos die gode wat hulle vir hulleself gemaak het. Só? As jy 'n paddagod maak en glo die paddagod het jóú gemaak, hoe gaan jy word? Jy gaan net soos 'n padda word. Jy gaan net kan kwaak-kwaak maak. En jy sal altyd maar net moet rondspring as mense jou stamp of stoot.

Dis hoekom die Farao so bly was dat Egiptenare die paddagod aanbid het. Dan is hy tog die enigste kind van die groot god wat alles gemaak het, en alles laat gebeur net soos hy wil. Hy word soos sy god: hy maak en breek net soos hy wil en lekkerkry. En die Egiptenare? Hulle moet maar net kwaak, hulle het niks te sê nie. En as die koning hulle pla, moet hulle maar net spring waar hy wil hê hulle moet spring, en moet hulle maar net so hoog spring soos hy sê. Hulle is mos nou die paddagod se kinders!

**3. Die Here beveel Farao wéér om Sy kinders te los om Hom te dien**

Kyk wat sê die Here vir Moses om vir die Farao te sê: *"Daarna sê die Here vir Moses: "Gaan sê vir die farao: So sê die Here: Laat my volk gaan om My te dien. [2] As jy weier om hulle te laat gaan, sal Ek jou hele gebied met 'n paddaplaag tref."* Die Here sê die koning moet Sy kinders uitlos, dat hulle Hom kan dien. Hulle is nie die

paddagod se kinders wat maar net moet kwaak en spring nie. Dit is hoekom die koning hulle so hard laat werk. Hy dink hy is die enigste kind van die groot songod. Maar die Here beveel hom om Sy kinders wat Hy gemaak het en vir wie Hy sorg en liefhet, uit te los dat hulle kan wegtrek van hierdie plek waar almal dink hulle is paddakinders en net die koning is die songod se kind.

**4. Die Here pla die ongehoorsame koning en sy mense**

Die Here het alles in die begin gemaak, ook paddas. Kyk hoe wys die Bybel dit: *"[20] Toe het God gesê: "Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg." [21] God het die groot seediere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed."* (Gen.1) Dit is die Here wat die wêreld vol paddas laat krioel. Nie die Egiptenare se paddagod nie.

Kyk wat doen die Here nou met die koning wat die Here se kinders soos padda-kinders wil behandel! Hy wys vir hulle wie is die Here wat paddas maak en na wie paddas luister. Die Here laat daar miljoene en miljoene paddas uit die moddergrond en Nylrivier kom. En hulle is orals. Hulle is in die beddens, in die stowe en in die koskaste. Hulle pla almal. Hulle pla ook die koning. Sy paleis is vol paddas. Sy bed is vol paddas.

Wat wys die Here vir hulle met al hierdie paddas?

Hy wys vir hulle paddas luister na die God wat hulle gemaak het – die Here. Die Here wys dat Hý die een is wat mense sal pla en hulle lewe sal moeilik maak as hulle nie na Hom luister nie. Dit is nie die grootmeneer-koning wat die Here se kinders soos paddas kan behandel nie. Die Here se kinders moet nie maar net kwaak en spring as hierdie boelie sy sin wil hê nie. Dit is die Hére wat mense gaan pla as hulle nie na Hom luister nie.

Maar die Here wys nog iets baie belangriker! Hy wys dat Sy kinders nie 'n paddagod se kinders is nie. Hy wys dat die koning nie die grootste god se enigste kind is nie. Die Here wys ons is almal Sy kinders. Hý maak ons. Nie 'n paddagod nie. Hý sorg dat ons gebore word en kan leef en gesond is. Nie 'n paddagod nie. Hý sorg vir ál Sy kinders, en daar is nie spesiale kinders vir wie God liewer is en beter sorg as vir Sy ander kinders nie. Daar is nie sulke simpel goed soos padda- of songode nie.

**5. Pla-bid en pla-gehoorsaamheid: hardehart-godsdiens**

Hier het ons twee nuwe woorde – pla-bid en pla-gehoorsaamheid. Kyk wat doen hierdie grootmeneer-koning. Vir die eerste keer kan sy towenaars nie keer dat hy gepla word nie. En hy word só gepla deur die paddas, dat hy vir die eerste keer vra dat Moses en Aaron tot God moet bid en vra dat Hy die paddas moet wegvat. En dan beloof hy dat as die Here hom nie meer met die paddas pla nie, dan sal

hy doen wat die Here sê: hy sal nie meer die Here se kinders soos paddas behandel nie.

En wat doen hy as die Here die paddas wegvat? Dan pla niks hom meer nie, en dan doen hy nie wat hy beloof het nie. Hy luister nie na die Here nie. Dit is pla-bid en pla-gehoorsaamheid. Dit is maar net om tot die Here te bid en te beloof dat jy sal luister, omdat die Here jou pla. As die Here jou nie meer pla nie, dan doen jy nie wat jy vir die Here beloof het nie.

Die Bybel noem hierdie godsdiens – hardehart-godsdiens. Mense leef grootmeneer sonder God en luister nie na Hom nie, maar as die Here hulle pla, dan bid hulle en beloof hulle om te luister. Maar as hulle nie meer gepla word nie, dan bid hulle niks en kom hulle nie hulle beloftes teenoor die Here na nie.

**6. Mense maak vandag nog paddagode en songode**

Dink julle mense maak vandag nog paddagode? Mense maak nie meer vandag 'n paddagod-prentjie of -beeld nie, maar hulle maak asof die Here 'n paddagod is. Hoe doen hulle dit? Mammas en pappas maak só! Hulle sal net tot die Here bid as hulle graag kinders wil hê en wil hê dat hulle babas mooi en gesond gebore moet word. Daarna bid hulle nie meer nie en doen hulle nie meer wat die Here sê nie. Hulle leer hulle kinders nie van die Here nie. Hulle bring hulle kinders nie na die kerk toe nie. Hulle behandel nie hulle kinders as die Here se kinders nie. As mense só maak – net bid en vra vir kinders en daarna glo hulle nie meer in die Here nie en leef hulle nie meer gehoorsaam aan die Here nie, dan het hulle mos van die Here 'n paddagod gemaak!

Baie mense maak ook asof húlle die songod se kinders is, en ander mense die paddagod se kinders is. Daar is baie Christene wat glo dat hulle só goed na die Here luister en só naby die Here lewe, dat die Here vir húlle liewer is, en dat die Here vir húlle beter sorg as vir Sy ander kinders. Wanneer Christene só maak – dink hulle kry meer liefde, meer aandag, meer reën, meer geld, meer goedheid van die Here as Sy ander kinders – dan het mense van God ook hulle songod gemaak, terwyl ander Christene maar net paddagod-kinders moet wees. Dink julle dit werk só? Party van ons is die Here se paddakinders en ander is Sy sonkinders? Dit is sommer nonsens. Die Bybel noem hierdie nonsens – afgodsdiens.

**7. Pla-bid en pla-gehoorsaamheid**

Dink julle dit gebeur vandag nog dat mense net soos die Farao maak: as die Here hulle pla, dan vra hulle vir gebede en beloof hulle om te luister, maar as die Here hulle nie meer pla nie, dan luister hulle nie en bid hulle nie meer nie?

Dit is hardehart-godsdiens. Mense maak vandág nog so – as die Here hulle pla met 'n droogte, dan bid en beloof hulle. As die Here hulle pla met siekte, dan bid

en beloof hulle. As die Here hulle pla met gevare en moeilikheid, dan bid en beloof hulle. As die Here hulle pla met armoede, dan bid en beloof hulle. Maar wat gebeur as dit reën, as hulle gesond word, uit gevaar is, geld kry en uit die moeilikheid kom? Dan bid hulle nie meer nie, en doen hulle nie meer wat die Here sê nie.

## 8. Opdrag

Kyk of julle vir julle pa's en ma's, of enige grootmens, die volgende vrae kan vra en antwoord kan gee!

**Die paddagod-vraag**

1. Kan pappas en mammas van die Here 'n paddagod maak? Antwoord: Ja. As hulle net bid om kinders te hê, maar die kinders nooit van die Here leer en kerk toe vat nie, dan maak hulle van die Here 'n paddagod. Hy moet maar net mooi babas vir hulle gee. Dis al.

**Die paddas-in-Egipte-vraag**

2. Wat het die Here met al die paddas in Egipte vir ons gewys? Antwoord: Hy pla mense wat dink Sy kinders is paddas, wat net moet kwaak en spring as hulle praat.

**Die hardehart-godsdiens-vraag**

3. Wat is hardehart-godsdiens? Dit is om te bid en te beloof as iets jou pla, maar nie meer te bid en te doen wat jy beloof het, as iets jou nie meer pla nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog